

SAHARA-AVONTUUR REEKS
No. 32
Vlamme in die Woestyn
Meiring Fouché

INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | 'n Geparfumeerde Brief | 3 |
| 2. | Verhaal van 'n Skone Vrou | 9 |
| 3. | Sluiper in die Nag | 16 |
| 4. | 'n Spookagtige Stem | 22 |
| 5. | Aanklag en Vonnis | 29 |
| 6. | Die Horde Kom! | 38 |
| 7. | Vreemde Vrag | 48 |
| 8. | Ses Ruiters | 57 |
| 9. | 'n Slang in die Sand | 65 |
| 10. | Warm op die Spoor | 73 |
| 11. | Die Laaste Skoot | 86 |


Hoofstuk 1

## 'N GEPARFUMEERDE BRIEF

In die groot slaapsaal van die vesting Dini Salam in die Suidelike Sahara heers daar vanmiddag sterk opgewondenheid. Die hitte is hettig soos altyd, die vliee is 'n kruis soos dit maar elke dag die geval is, maar tog is dit asof die manne die teisteringe van hierdie deel van die Sahara vanmiddag nie so sterk aanvoel soos gewoonlik nie.

Eintlik is dit nou die tyd van die rus. Gewoonweg sou die manne nou half-naak op hul katels gelê het met die hande onder die swetende koppe, waaiend en klappend na lastige vlieë, brommend oor die hitte. Party sou gesluimer het en andere sou hul toevlug na die stortbaddens geneem het.

Maar vanmiddag is daar 'n opgewonde, byna geesdriftige gebrom in die slaapsaal. Die rede is dat dit posdag is. Die meeste manne in die garnisoen van Dini Salam kry omtrent nooit 'n brief nie. Want die manne in die Vreemdelegioen is meesal uitgewekenes, vlugtelinge uit die beskawing en misdadigers wat hul bande met die beskawing goed en deeglik afgebreek het. Maar onder hulle is daar tog 'n aantal wat van tyd tot tyd 'n brief ontvang, of miskien 'n koerant wat deur 'n familiebetrekking of deur 'n goedgesinde aangestuur word.

Die feit dat dit posdag is, is nie die enigste rede vir die kalme opgewondenheid wat daar heers nie. Eintlik die vernaamste rede daarvoor is die feit dat 'n hele aantal van die manne binnekort op hul jaarlikse verlof na die kus vertrek. Dan gaan die meeste van hulle na Algiers, die groot woelige en enigsins gevaarlike stad aan die Middelllandse See. Hoewel dit ruim nog twee weke is voordat die manne vertrek, het die meeste van hulle reeds hul paar persoonlike besittings ingepak. Daar is altyd die grootste opwinding wanneer die manne 'n slag kan wegkom uit hierdie verderf van hitte en vliee, uit hierdie onherbergsame woestyn waar hulle jaar in en jaar uit moet sit.

Daar is veral groot opgewondenheid om die swart katel van die lang sterkgeboude blonde Legioenman met die swaar skouers en die helderblou oë. Hy is die Suid-Afrikaner Teuns Stegmann. Teuns lê op sy rug op sy katel, sy bruingebrande en gespierde bolyf naak en sy twee stewels opvallend op die onderste styl van die katel.

Seker goed 'n stuk of agt of tien Legionnaires staan om Teuns se katel, want Teuns Stegmann het vandag 'n brief ontvang.

Dit op sigself is 'n besonderse gebeurtenis omdat die Suid-Afrikaner al so lank in die Legioen is dat hy al enigsins afgesterf het van sy mense in Suid-Afrika. Hulle skryf nie meer baie dikwels aan hom nie.

Tog het hy vandag 'n brief ontvang. 'n Buitengewone, onverklaarbare en heerlike brief.

Die brief kom nie uit verre Suid-Afrika nie. Dit kom ook nie uit Europa nie.

Die brief wat Teuns Stegmann nou al herhaalde male deurgelees het, kom uit—Algiers!

Dit is nie 'n brief van 'n kennis of 'n familiebetrekking nie. Dit is nie 'n brief van 'n man nie.

Dit is 'n brief van 'n onbekende vrou!

Vandaar dat die manne so om Teuns saamdrom—sy goeie vriende, die Duitser Fritz Mundt, die blonde Engelsman Jack Ritchie, die groot Pool Podolski en die klein Italianer Petacci, benewens nog 'n hele aantal nuuskieriges.

Dit is 'n hele aardigheid hier om die bed van Teuns. Petacci, die harlekyn, leun oor en ruik aan die brief. Toe sluit hy sy oë, maak 'n kringetjie met sy vingers, tree agteruit en gooi 'n polkadraai. ,,Parfuum!'' roep die Italianer uit en dit lyk asof hy in 'n ekstase verkeer. ,,Vroulike parfuum!''

Hulle wat daaromheen staan is ook bewus van die skerp byna onweerstaanbare heerlikheid van die parfuum wat deur die brief uitgewalm word.

Hulle staar daarna asof dit iets is wat hulle in geen jare gesien het nie. Want dit is 'n fyn brief hierdie. Nie alleen adem dit die heerlike





geur van vroulike parfuum nie maar dit is so netjies en fyntjies. Dit is geskryf op die pragtigste pers skryfpapier. Dun, byna deurskynend. Die koevert is eweneens klein en vroulik en die handskrif daarop is stewig en duidelik. Dit gee blyk van doelbewustheid en karaktersvastheid.

Selfs die groot Fritz Mundt wat bekend staan as die bul van die Franse Vreemdelegioen, kan die romanse van die brief nie weerstaan nie. Hy neem dit fyntjies uit Teuns se lang sterk vingers, kyk daarna, ruik daaraan en sluit sy oë asof hy so pas begin drink het aan 'n groot beker skuimende Münchenerbier.

Toe plaas Fritz die brief ewe plegtig in Teuns se uitgestrekte hand terug. Maar skaars het Teuns die brief terug, of Jack Ritchie neem dit weer. Hy kyk vlugtig na die pragtige handskrif, toe blaai hy om en kyk na die handtekening.

Die blonde Engelsman gluur betekenisvol na Teuns. ,,En van waar af ken jy haar?'' vra hy.

Teuns skud sy blonde kop. ,,Ek ken haar nie,'' sê hy met 'n kort laggie.

,,Kom nou, kom nou, mon ami,'' sê Podolski. ,,Moet ons nie probeer wysmaak dat sitroene vye is nie! Jy moet haar ken, anders sou sy nie aan jou geskryf het nie.''

Teuns sit meteens orent met sy kaal skouers teen die koppenent van sy katel. ,,Ek sê jou ek ken haar nie,'' sê hy. ,,Dit is die eerste maal wat ek die naam hoor.''

,,Heerlike vooruitsig,'' bevind Jack Ritchie. ,,Nou hoef jy nie eens te soek na name en adresse wanneer ons oor twee weke na Algiers vertrek nie.''

,,Gelukkige derduiwel,'' sê Petacci. ,,Dit lyk asof die gode vir jou alles vooraf beskik. As haar handskrif só lyk, hoe moet sy nie lyk nie!''

En dié uitlating van Petacci is onmiddellik die aanleiding tot grootskaalse spekulasie en bespiegelings. Hulle kom sit hier by Teuns op die bed en elkeen gee sy indruk van hoe hierdie nooi moet lyk wat 'n brief geskryf het aan 'n onbekende soldaat in die Franse Vreemdelegioen. Fritz Mundt stel haar voor as 'n blondine met

gloeiende wange en helderblou oë. Petacci meen dat sy donker en treffend is, met gitswart hare en brandende oë. Jack Ritchie verbeel hom weer dat sy soos 'n Ierse skoonheid lyk, met swarterige hare en diepblou oë.

Maar Teuns—Teuns het sy eie beeld van die nooi. Hy dink hom in dat sy rooierige hare het, met groenkleurige oë.

En toe hy daaraan dink, verwonder hy hom opnuut oor hierdie brief. Hy het dit by Jack Ritchie geneem en vir die soveelste maal lees hy dit. Hy kyk na die duidelike adres wat skynbaar in een van die vooraanstaande en gegoede woonbuurtes van Algiers is. Dan lees hy die aanhef, en dan die brief.

Dit begin enigsins formeel—Seer geagte legionnaire Stegmann.

Dan gaan dit voort: ,,U sal seker verbaas wees om van 'n vreemdeling soos ek 'n brief te ontvang. Ek skryf egter aan u omdat ek aan u 'n baie spesiale versoek het. Ek wil vra dat wanneer u weer in Algiers kom, u tog sekerlik by my moet kom besoek aflê by bostaande adres.

,,Ek is seker dat u u sal verbaas oor die versoek en dat u seker sal wonder waarom ek dit vra. Die rede kan nie in hierdie brief verstrek nie, behalwe om te sê dat dit 'n saak is van dringende belang. Nie alleen vir u persoonlik nie maar ook vir die hele Franse Vreemdelegioen.

,,U sal seker ook wonder waarom ek nou juis aan u skryf en waar ek aan u naam en u adres gekom het. Dié inligting sal ek u verstrek wanneer ek u sien—en ek hoop dat dit in die nabye toekoms sal wees.

,,Mag ek sê dat hierdie saak van soveel belang is dat dit u die moeite sal loon om miskien spesiale verlof te kry.

,,Ek hoop nie u stel my teleur nie, Legionnaire. Ek rig hierdie versoek aan u in groot erns en ook met diepe drang.

,,Met beste groete,
Elsa Moram.'

Elsa Moram? dink Teuns. Het hy haar al gesien of het hy haar nog nooit gesien nie? Nee hy het nie, besluit hy. Waar op aarde sou





sy aan sy naam gekom het en hoe weet sy dat hy op Dini Salam gestasioneer is? En hierdie aangeleentheid wat sy met hom wil bespreek—wat op aarde kan dit wees?

Moram? Hy frons en gaan in die verlede terug. 'n Oomblik verbeel hy hom dat hy iets aangeraak het, iets in verband met die naam Moram. Maar die vae herinnering vervlieg onmiddellik en hy kan dit nie vasvat nie, hoewel hy seker is dat die naam Moram hom op 'n eienaardige wyse geprikkel het.

Hy neem die brief, beweeg dit stadig voor sy neus verby, geniet nogmaals van die weldadige suiwer vars parfuum, vou dit op en steek dit in die koevert terug.

,,Gaan jy haar opsoek, mon ami?'' vra Petacci.

,,Natuurlik gaan ek haar opsoek,'' antwoord Teuns. ,,Dink jy dan ek is van my sinne af?''

,,En as jy nie met haar oor die weg kom nie, sal jy ons dan 'n kans gee?'' vra Fritz Mundt.

Teuns glimlag net en antwoord nie. Hy is vol van hierdie eienaardige ding, hierdie skrywe van 'n wildvreemde vrou wat aan hom so 'n besonderse versoek gerig het.

Hy staan op en gaan plaas die brief in die binnesak van sy uniformbaadjie. Daar staan hy weer stil en vir 'n oomblik probeer hy hom 'n beeld van die vrou voorstel. Elsa Moram. Is sy jonk of is sy oud? Is sy aantreklik of is sy dalk afstootlik lelik?

Hy voel 'n geringe koue rilling langs sy ruggraat af. Skuil hier miskien iets agter? Hy wat Teuns is, moet altyd in sy pasoppens bly wanneer hy in Algiers is, want daar is sekere Arabiere wat al met sy naam kennis gemaak het, wat van hom weet en wat sy lewe met die geringste aanleiding sal neem. Sou dit vir hom gerade wees om na hierdie vrou te gaan?

In die woestyn het hy reeds geleer dat 'n vrou dikwels die gevaarlikste vyand kan wees. Veel meer geslepe, veel meer verfynd as 'n man. Sy kan jou op 'n sagte wyse verower en jou dan vernietig. Dit het hy al so dikwels gesien.

Hy word daarvan bewus dat iemand net hier agter hom staan, en toe hy omdraai, kyk hy in die gesig van Jack Ritchie vas.

,,Ek sou dit nie alles vir soetkoekies opeet as ek jy was nie, mon ami,'' sê Jack. ,,Vir al wat jy weet, is dit 'n strikvalletjie. Vind jy dit nie eienaardig dat jy hierdie brief ontvang net twee weke voordat ons met verlof vertrek nie?''

,,Ja, nogal,'' sê Teuns. ,,Dit is een aspek van die saak wat my nie aanstaan nie. Dit pas te mooi in.''

,,Ek sal twee maal dink voordat ek hierdie vrou gaan besoek, as ek jy was,'' waarsku Jack. ,,Ek dink in elk geval nie jy moet alleen gaan nie en ek dink ook nie jy moet ongewapend gaan nie.''

Teuns leun met sy elmboog teen die muur. Daar is 'n diep frons op sy mooi voorkop. ,,Moram?'' sê hy weer. Toe kyk hy onderlangs na Jack. ,,Moram. Herinner jou dit nie aan iets nie? Aan 'n voorval of aan 'n persoon of iets van dié aard nie?''

Jack Ritchie vryf oor sy nek. ,,Ja, dit herinner my aan iets,'' sê hy. ,,Maar ek weet nie wat nie. Dit is asof die naam 'n klokkie iewers in my brein laat lui. Maar sodra ek dit wil vasvat, dan verdwyn dit weer.''

,,Dit is presies net so met my,'' sê Teuns. ,,Die naam het ek al iewers gehoor. Iets het met iemand gebeur wat dié naam dra maar ek kan nie onthou wat nie.''

,,In elk geval,'' sê Jack, ,,as jy wil, sal ek saam met jou gaan wanneer jy die dame gaan besoek. En as ek jy is, neem ek nog een of twee manne saam. Jy weet hoe Algiers is. Dáár is die lewe van 'n Legionnaire nie veel werd nie.''

Teuns Stegmann glimlag vir sy maat. ,,Ek sal die nodige voorsorgmaatreëls tref,'' sê hy 'n bietjie onverskillig, ,,maar een ding sê ek vir jou, Jack Ritchie—as dit 'n mooi aster is, dan maak julle julle uit die voete, gevaar of nie gevaar nie. . .''





## VERHAAL VAN 'N SKONE VROU

Dit is 'n lang, deftige straat in een van die mooiste woonbuurte van Algiers. Dit is helder verlig en aan weerskante daarvan staan groot en indrukwekkende woonstelgeboue. Dit is bekend as die Rue Marten.

Dit is nog redelik vroeg in die aand en dit is op die kop vyftien dae nadat Teuns Stegmann die enigsins eienaardige brief ontvang het van 'n nooi met die naam Elsa Moram. Vyf man stap in die straat af. Teuns, Jack Ritchie, Fritz Mundt, Podolski en Petacci. Hulle is in 'n vrolike en tog in 'n soort afwagtende opgewonde stemming. Hulle voel vry en lustig want hulle is op verlof en hulle weet dat hierdie vir hulle 'n tydjie is van ontspanning, van nagklubs, aantreklike kroeë, 'n bietjie swem in die see—en veral vroue. Hierdie is 'n tyd van sag slaap en laat slaap. Dit is die tyd wanneer 'n mens weer 'n mens voel binne die beskawing.

Daarom is daar 'n nuwe drang in hul tred en 'n nuwe klank in hul stemme onderwyl hulle sorgvry in die mooi straat afstap met sy rye netjiese gesnoeide bome aan weerskante.

Voor die Rue Marten 330 gaan hulle staan. Dit is 'n mooi woonstelgebou, klaarblyklik 'n luukse-gebou. Teuns haal weer die pers brief uit sy sak, maak dit oop en kyk na die adres. Ja hierdie is die blok woonstelle. Hy kyk weer na die woonstelnommer wat Elsa Moram in die brief aangee, en toe stap hulle binne. Die opsigter, klaárblyklik 'n Fransman, groet hulle vriendelik en beduie hulle waar hulle die kamer kan vind.

Hulle stap met twee rye trappe op, toe vat hulle 'n lang gang na die agterkant van die gebou en daar kry hulle eintlik die nommer op die deur.

Dit is nommer 152.

Soos skoolseuns wat op die punt is om kwaad te doen staan die paar voor die deur van die woonstel in die lang stil gang. Dit is asof hulle eintlik nie weet wat om nou te doen nie. Teuns kom die eerste

tot beweging. Hy druk op die knoppie en hulle hoor binne die klokkie lui.

Effens gespanne staan hulle daar en Teuns voel aan die klein plat rewolwer in sy binnesak. Hulle het almal bygedra tot die koop van hierdie rewolwer want nie een van hulle wou hê dat die Suid-Afrikaner ongewapend hierdie avontuur moes onderneem nie. Hulle hou juis nie van hierdie omgewing nie want die woonstel is klaarblyklik heel aan die agterkant van die gebou, en toe hulle by 'n venster uitkyk, kyk hulle af in 'n donker agterplaas.

Dit is een van hierdie donker stege waarvoor Algiers so bekend is en waarin daar so dikwels allerhande onheile plaasvind.

Toe hulle die vinnige voetstappe binne hoor, verstyf hulle almal en Teuns vat senuweeagtig aan sy nek.

Die deur gaan oop en toe hyg die vyf feitlik na hul asems. Daar voor hulle staan 'n meisie in half-formele aanddrag. Sy het 'n kortenge tabberd van ballerina-lengte aan, swart, nousluitend en skouerloos. Nie een van hulle weet presies waarvan hulle die eerste bewus word nie—van haar glansende raafswart hare, of van haar skerp, vonkelende swart oë, of van die bruin glans van haar skouers, of van die fyn aanloklikheid van haar lippe. . .

Haar vel het die kleur van olyf en dit lyk asof dit van binne af deur lig deurstraal word. Haar hele persoonlikheid is oorweldigend want sy is een van die mooiste vroue wat enigeen van hulle nog ooit gesien het. Sy het nie net liggaamlike skoonheid nie; haar liggaam is nie net voortreflik gebou nie, daar is 'n uitstraling uit haar wat jou tref en jou meevoer.

,,Ja, Menere?'' vra sy en haar stem is diep en welluidend.

,,Ek is legionnaire Stegmann,'' sê Teuns en glimlag vir haar. ,,Ek het van u 'n brief ontvang. Is u Elsa Moram?''

,,My liewe Legionnaire!'' sê sy, tree oor die drumpel en stoot haar hand uit waaraan 'n duur armband glinster. ,,Ek is so dankbaar om jou te sien. Ja, ek is Elsa Moram.'' Toe kyk sy 'n bietjie onseker na die ander. ,,Om die waarheid te sê, het ek u alleen verwag.''

,,My maats,'' antwoord Teuns betekenisvol, ,,het maar net





saamgekom om seker te maak dat ek die plek kry.'' Daar is 'n bevel in sy blou oë toe hy om die beurt na Fritz, Jack, Podolski en Petacci kyk. Hulle buig ewe sjarmant, toe draai hulle in hul spore om en hulle stap met die lang gang voort.

Elsa Moram glimlag weer liefies vir Teuns, toe staan sy opsy, maak 'n swierige klein beweging met haar hand en nooi hom daarmee na binne.

Teuns Stegmann stap stadig binne en hy bly op sy hoede. Hy het sy hand in sy regterbaadjiesak waarheen hy die klein rewolwer verplaas het. Dit voel klein en hard en koel in sy hand.

Meteens bevind hy hom in 'n pragtige, smaakvolle woonkamer, gemeubileer volgens die Sweedse styl, met pragtige oorspronklike skilderye teen die mure en met die allerfraaiste blommerangskikkings wat hy nog gesien het.

,,Sit gerus, Legionnaire,'' nooi Elsa Moram en beduie na een van die weelderige leunstoele. Sy kom sit hier naby hom en weer tref die geur van haar parfuum hom hard. Ja, dit moet sý wees, want dit is dieselfde parfuum.

Vir 'n oomblik kyk hy stip na haar en probeer haar opsom. Hy vind dit moeilik om te konsentreer en om afleidings te maak, want haar liggaam is so soepel, so verhewe, so warm vroulik en so naby hom. Die skeiding in haar hare is perfek, en die gitswart hare skitter en lewe onder die lig van die staanlamp. Vir 'n oomblik kyk hy na haar duur oorkrabbertjies en toe na haar slanke hande wat soos twee opgewonde vlerke op haar skoot lê.

,,Ek is dankbaar dat u gekom het, Legionnaire,'' sê Elsa Moram en daar is iets intiems en sag vrouliks in haar stem. Toe is sy meteens orent. ,,'n Bietjie konjak? Of sou u 'n bietjie wyn verkies?''

,,'n Bietjie ligte wyn as ek mag,'' antwoord Teuns. ,,Soet, droog of medium?''

Haar pragtige kop staan skeef en die glimlag maak van haar 'n pragtige, byna onweerstaanbare vroulike beeld.

,,Medium, dankie,'' sê Teuns.

Sy beweeg na die buffet en dit lyk asof sy sweef. Dit lyk nie asof

sy haar voete op die duur mat neersit nie. Sèlfs aan haar beweging is daar 'n vreemde sjarme wat hom meevoer sodat hy homself weer moet dwing om wakker te bly en op sy hoede.

Sy skink vir haarself 'n glasie port en vir hom 'n glasie halfdroë wyn.

Sy lig haar glas, glimlag vir hom en sê weer: ,,Ek is so dankbaar dat u gekom het, Legionnaire—en dit nogal so gou. Ek het my verbeel dat ek dalk maande sal moes wag en dit sou baie onbevredigend gewees het.''

Teuns kyk hard na haar en sy word getref deur die helderheid en die drang in sy oë.

,,Mag ek vra,'' sê hy, ,,wat die doel van hierdie uitnodiging is?''

,,Is u agterdogtig?'' vra Elsa Moram.

,,'n Man in die Vreemdelegioen is altyd agterdogtig in Algiers,'' antwoord hy en kyk deur die vertrek rond. Hier naby hom gaan 'n deur uit. Hy neem aan dit lei na 'n slaapkamer. 'n Bietjie verder links gaan nog 'n deur uit en hy lei af dat dit na die kombuis voer.

,,Ek neem u nie kwalik nie,'' sê Elsa. ,,Algiers is vandag 'n gevaarlike stad—veral vir die Franse Vreemdelegioen.''

'n Paar oomblikke kyk hulle net stip na mekaar. Teuns wag dat sy weer moet praat want sy is die een wat moet verduidelik.

,,Beteken my naam nie vir u iets nie?'' vra Elsa.

,,Vandat ek u brief ontvang het,'' antwoord Teuns, ,,worstel ek al daarmee. U naam beteken vir my iets maar ek kan dit nie vasvat nie. Dit het iets te doen met 'n persoon of met 'n gebeurtenis. Maar wat dit is, kan ek nie bepaal nie.''

,,Ek sal u reghelp,'' sê Elsa. ,,Onthou u nog 'n Legionnaire met die naam Emil Moram?''

Teuns kyk af in die goue glans van die wyn. Sy sien hoedat sy oë verstrak. Hoedat daar rimpels oor sy voorkop kom, hoedat die afgetrokkenheid sy oë laat vervaag. Toe kyk hy stadig na haar op en sy sien hoedat iets uit sy diepste wese opgroei en vorm aanneem.

,,Emil Moram?'' Sy stem is laag en sag. ,,Legionnaire Emil Moram?'' Hy steek sy vinger na haar uit asof hy daarmee iets wil





vasstel.

,,Dit is korrek,'' sê sy. ,,Manskap Moram was my tweelingbroer.''

,,U tweelingbroer?''

,,My tweelingbroer,'' sê sy. ,,Kan u nog onthou hoedat hy gesterf het?''

,,Ek onthou. Ek onthou dit nou,'' sê Teuns. ,,Vreemd dat ek dit nie vroeër kon onthou nie, maar die naam Emil het vir my veel meer betekenis gehad as Moram. Ons het hom net geken as Emil.'' Dit lyk asof 'n siddering deur die liggaam van die groot Suid-Afrikaner trek sodat die fyn glas tussen sy vingers bewe. Sy kyk hom swyend aan en sy wag.

'n Oomblik sluit hy selfs sy oë want die volle beeld van Emil Moram kom steek en wring nou deur sy herinnering. Dit was baie jare gelede, onthou hy. Hy was toe nog skaars in die Legioen toe hulle daardie bloedige skermutseling in die woestyn gehad het met die Doelak-Arabiere. Dit was ver ten suide van Fort Laval, waar hy en Emil saam as rekrute in die garnisoen gedien het.

Op een of ander wyse het Moram en nog 'n paar manne van die hoofmag verwyder geraak. Die Arabiere het hulle gevang en hulle doodgemartel op die tradisionele wyse. Moram en vyf ander is op die sand oopgespalk, hul lippe en hul ooglede is afgesny. Ook hul ore is verwyder. Die liggame is nog op ander maniere aaklig geskend.

Vaagweg herleef Teuns die wroeging van hierdie herinnering totdat Elsa Moram weer met hom praat. ,,Onthou u dit nog, Legionnaire? Onthou u nog die wreedheid daarvan?''

,,Ek onthou. Ek onthou dit nou,'' sê hy met 'n sagte sug.

,,Dit was aaklig, nie waar nie, Legionnaire?''

,,Dit was meer as aaklig,'' antwoord Teuns. ,,Dit was dierlik en afskuwelik.'' Toe kyk hy in haar oë op. ,,En hy was u broer? Hy was u tweelingbroer?''

Sy knik net en aan haar trillende lippe, aan die mistigheid in haar oë sien hy dat die herinnering vir haar 'n oomblik te veel word. Sy bring die glas vinnig voor haar lippe asof sy daarin 'n verlossing